## Enkelvoudige sinne

'n **Enkelvoudige sin** bestaan uit 'n onderwerp (S), gesegde (V1, V2) en 'n voorwerp (O). In die sin **Columbus het in 1492 sy vaart met gretige afwagting op die Atlantiese Oseaan begin** kan ons die sinsdele benoem:

| | | |
|---|---|---|
| **Onderwerp** (*subject*): | Wie voer die aksie uit? | = Columbus |
| **Gesegde** (*verb*): | Wat doen hy? | = het begin |
| **Voorwerp** (*object*): | Columbus (onderwerp) het wat begin? | = sy vaart |

Enkelvoudige sinne kan uitgebrei word met behulp van **byvoeglike** en **bywoordelike bepalings**. Om **bywoordelike bepalings** (*Time, Manner, Place*) te benoem:

| | |
|---|---|
| **Wanneer** (*when*): | in 1492 |
| **Hoe** (*how*): | met gretige afwagting |
| **Waar** (*where*): | op die Atlantiese Oseaan |

### Wenke

- Die **onderwerp** is die persoon/dier/ding wat die aksie uitvoer.
- Die **gesegde** dui die handeling of aksie (in die verskillende tye) aan.
- Die **voorwerp** is die persoon/dier/ding waarop die aksie uitgevoer word.
- **Byvoeglike bepalings** beskryf die onderwerp en voorwerp.
- **Bywoordelike bepalings** vertel ons meer van die gesegde.

1. Benoem die sinsdele in die volgende sin:
   Marco Polo vergesel sy pa en sy oom.
   a) Skryf die onderwerp neer. ____________________
   b) Skryf die gesegde neer. ____________________
   c) Skryf die voorwerp neer. ____________________
   d) Gebruik 'n byvoeglike bepaling om die onderwerp te beskryf. ____________________
   e) Gebruik 'n bywoordelike bepaling om die gesegde te beskryf.
   ____________________

2. Onderstreep die sinsdele in die paragraaf soos volg:
   onderwerp – rooi, gesegde – groen, voorwerp – blou, byvoeglike bepaling – oranje, bywoordelike bepaling – pers.

   Marco, sy pa en oom reis na China. Hulle ruil juwele tydens hul reis. Die gesin het 24 jaar in China gebly. Marco ontmoet uiteindelik die heerser van die land. Marco, die nuwe diplomaat en goewerneur van Yangzhou, ontsnap in 1292 met 'n ompad. Marco het die eerste vlieër na Europa gebring. Met sy terugkeer na Europa skryf hy 'n boek oor sy avonture.

3. Brei die sin uit deur 'n byvoeglike frase of bepaling by te voeg.
   Die Chinese heerser gooi die man in die tronk.
   ____________________
   ____________________


© Oxford University Press Southern Africa

4. Brei elk van die sinne uit met 'n bywoordelike frase of bepaling.

   a) Marco Polo slaap.

   ______________________________

   b) Hy doen navorsing.

   ______________________________

   c) Hy het nie die feite versin nie.

   ______________________________

5. Lees die paragraaf oor ontdekkers.

   Dapper ontdekkers reis gedurig na vreemde, onbekende plekke. Hulle onderneem gevaarlike seereise. Op hul reise ontdek hulle nuwe lande. Ander ontdekkers werk fluks in laboratoriums. Hulle voer moeilike eksperimente uit. Soms ontdek hulle iets per ongeluk.

   a) Omkring al die gesegdes in die paragraaf.

   b) Skryf al die bywoordelike bepalings van tyd neer.

   ______________________________

   c) Skryf al die bywoordelike bepalings van wyse neer.

   ______________________________

   d) Skryf al die bywoordelike bepalings van plek neer.

   ______________________________

   ______________________________

   e) Skryf al die byvoeglike bepalings neer.

   ______________________________

6. Skryf die sinne oor sodat die bywoordelike bepalings in die korrekte volgorde is.

   a) Galileo Galilei is gebore in Italië in 1564.

   ______________________________

   b) Hy het sy eie teleskoop gebou later sonder hulp.

   ______________________________

   c) Galilei se teorieë gedurig verskil van die kerk s'n in die 1600's.

   ______________________________

**Wenke**

- Woordvolgorde: S(V1)TOMP(V2)I.
- Onthou die goue reël in Afrikaans: Hoe jy ookal begin, die werkwoord kom volgende.
- Bywoordelike bepalings word in die volgorde: tyd (T), wyse (M) en plek (P) in 'n sin geplaas.

**Ken die woorde**

**Werkwoorde:**
besluit – *decide*
bestudeer – *study*
onderneem – *undertake*
ontdek – *discover*
ontmoet – *meet*
ontsnap – *escape*
ruil – *exchange*
uitvoer – *perform*
vergesel – *go with*
versin – *make up*
verskil – *differ*